Lantern

Jaargang 6 #01 • Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom die Bult • 15 Januarie 2017

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Moenie betaal nie – dis gratis!

Lied 200: 1–3.
Ps 107–1: 1, 4
Ps 33–2: 1 en Ps 33–1: 11
Kinderbegeleiding
Romeine 12: 1–2, 9–21.
Sb 8–1: 1–2.
Skriflesing: Jesaja 55
Teks: Jesaja 55:2
Preekbegeleiding
Sb 14–4: 1–4.
Ps 107–1: 1, 4.

18:00 Aanddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Begenadigde – slaan in sagmoedige vertroue jou tent op in die teenwoordigheid van die Here

---

Ps.121–1:1,4
Ps. 112–2:1,2,3
Ps.84–1:1,2,5
Sb.10–2
Skriflesing: Gen.12:10–13:18
Teks: Gen.13:10–12,14,18
Ps.73–1:11,12
Sb.17–1:5,6

11:30 International Service

Prof Hennie Goede
Scripture reading: James 4:13–17
Text verse: James 4:15
Theme: The future is in God's hands ;thus live now in dependence upon Him

Meelewing

• Ons is dankbaar dat Faan van Wyk suksesvolle knievervanging ondergaan het. Ons bid vir herstel en lewenskwaliteit;

• Oom Tjaart van der Walt is in die hospitaal nadat sy gesondheid agteruit gegaan het. Ons is bly dit gaan beter en dink aan hom en tannie Babie wat permanent die versorgingseenheid van Eikelaan woon.

• Met leedwese word bekend gemaak die afsterwe van Ds HP (Poen) Prinsloo (emerituspredikant van Bellville) 11 Januarie 2017. Sy vrou, sr Marlien (landlynnr 028-316-3268, selfoonnr 083-703-5924 & e-posadres penmprinsloo@gmail.com), kinders, kleinkinders en familie word aan die sorg van ons Hemelse Vader toevertrou.

Wil jy graag hier 'n lidmaat word? Gaan **hiernatoe** en volg die stappe of vul dié **vormpie** in . . .

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....

Telefoonnommer: .....

E-posadres: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Verjaarsdae die week

Vandag, 15 Januarie
Louise-Mari Muller 0826047627

Maandag, 16 Januarie
Roelien Goede 0765433188
Dian van Eeden 0825104377

Dinsdag, 17 Januarie
Hennie Goede 0824441631

Donderdag, 19 Januarie
Alexia Delicado 0182932535
Corlia Ford 0824557038
Leon Keet 0182947061
Koos Vorster 0731862057

Vrydag, 20 Januarie
Daleen Butow 0729436429
Melissa Pasch 0846666778

Saterdag, 21 Januarie
Salome Jooste 0826969290

Preekbegeleiding

Die Preekbegeleidingsbediening skop die week saam die katkisasie af. Ons is tans drie lede en kort nog minstens twee mense om in te skakel. As die Here dit op jou hart lê om betrokke te raak skakel my asb. by die kerkkantoor.

KATKISASIE
VIR OUERS EN KINDERS

Die Sondagoggend-katkisasie vir skoolkinders begin vandag om 8:30 in die kerkgebou. Tydens die geleentheid sal die predikante reëlings tref met die hoërskoolkinders van graad 8 tot 11 wat ook in die week katkisasie het. Dankie vir almal wat bereid is om as leerkragte te help in hierdie uiters belangrike aspek van ons bediening aan ons gesinne.

Martie Geertsema Mediese Hulpfonds

MJ Geertsema, ABSA, spaarrekening 9293321096

Vir meer inligting kan die kerkkantoor (018 297 4843) of die voorsitter van die diakonie, Elsa Els (082 460 0939) gekontak word.

Meds4Martie www.meds4martie.co.za

Baie dankie vir die donasies wat reeds begin inkom het vir die Martie Geertsema Mediese Hulpfonds. Klein en groot maak alles 'n verskil tot lewenskwaliteit.

Teeskinkbeurte

15 Januarie
KG 1 & WYK 1 Anna Fick en Rhodë Vorster

22 Januarie
KG 4 & WYK 4 Janien Linde en Alida Schutte

Baie dankie!

Liefdegawes by die deure

8 Januarie	Oggend: Christelike Onderwys Aand: Meelewingsfonds
15 Januarie	Oggend: TS Biblioteek Aand: Meelewingsfonds
22 Januarie	Oggend: TS Kas *Aand: Meelewingsfonds*

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Liefdegawe vir GK Harrismith

GK Harrismith is grootliks afhanklik van sustentasie van die GKSA, maar in 2012 is daar besluit om hierdie hulp drasties te verminder. Die gemeente het 'n bees- en speenkalfprojek begin en kon in 2013 en 2014 al hul finansiële verpligtinge nakom. Hulle het ook ander projekte geloods om fondse aan te vul.
In 2014 was daar egter vernietigende brande in die omgewing, en 2015 se droogte het veroorsaak dat hul bees- en speenkalfprojek nie genoegsame wins oplewer nie.
Die gemeente bestaan uit 77 belydende lidmate en 15 dooplidmate. Van die belydende lidmate is daar egter heelwat wat afhanklik is van staatspensioen of nie werk het nie. Hierdie gemeente doen ook bedieningswerk in Qwa-Qwa. Die hele gebied van Qwa-Qwa, beslaan 'n onherbergsame oppervlakte van meer as 1100km². Gevolglik word daar jaarliks afstande van amper 40,000km, met geweldige hoë kostes afgelê om die lidmate van Harrismith, sowel as Qwa-Qwa met Woordbediening en herderlike sorg te bedien.
Die kerkraad het die brief hanteer en besluit om die inligting in die gemeente bekend te maak met 'n versoek dat lidmate aan die saak kan aandag gee asook om 'n kollekte hiervoor te bewillig. Vanoggend se kollekte (by die deure) gaan aan GK Harrismith.
Bankbesonderhede: ABSA · Gereformeerde Gemeente Harrismith · 910340034 · Verwysing : "Hulp" en Gemeente se naam

Het jy vervoer nodig kerk toe?

Kontak vir Susan
082-563-1207
of
geeldogtertjie@gmail.com



Beroepe

BEROEPE ONTVANG
· Proponent J Dunn (Johan) na Keetmanshoop/Mariental-kombinasie.
· Proponent JG Ehlers (Jan) na Meyerton.
· Proponent JG Ehlers (Jan) na Piet Retief.
· Dr JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Okahandja.
· Proponent LM Floor (Marcel) na Sasolburg.
· Proponent P Mushayabasa (Paul) na Songozwi.
· Ds AL Pelser (Abri) van Bethlehem na Okahandja.

BEROEPE AANVAAR
· Dr AJ Coetsee (Albert) van Uitschot na die Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Ou Testament.
· Proponent JG Ehlers (Jan) na Meyerton.
· Proponent LM Floor (Marcel) na Sasolburg.
· Proponent P Mushayabasa (Paul) na Songozwi.

BEROEPE BEDANK
· Ds HJ Briel (Hennie) van Petrusburg/Boshof-kombinasie na Vredenburg/Saldanha.
· Proponent JG Ehlers (Jan) na Piet Retief.

Baie dankie

Hiermee opregte woorde van besondere dank aan Ds Fanie, Judie Coetzee, Prof George en Adelle Lotter, Prof Ray en Ina Everson, Petro van der Vyfer, Poen en Suzette Coetzee, Lappies en Liza Labuschagne, asook die Wymas, Erik Malan vir gebede en daadwerklike hulp op 'n daaglikse basis aan my en Jaques tydens sy ernstige siekte en trauma; hierdie besondere bediening sal ons altyd herhinner aan God se groot liefde. Nuewjaarsgroete Jeanette en Jaques Malan.

G5 Afskopkamp

Ons is die Here dankbaar vir 'n wonderlike kamp die afgelope week. Anders as verlede jaar, was die kampterrein lieflik groen met 'n stampvol dam wat oorloop. Baie dankie vir elke gesin en kleingroep wat kos gebring en saam met ons kom eet het – so kon ons die liefde en warmte van ons gemeente op 'n tasbare – of dalk eerder 'n proebare – manier beleef!

Wat is jou gunsteling Bybelvers of lied?
Stuur dit asb na die kerkkantoor en dalk verskyn dit voorop die volgende Lantern saam met 'n foto.

Advertensies

VAKATURES BY PKK REDDERSBURG: UITVOERENDE HOOF en HOOF: VERSORGINGSDIENSTE Egpaar. President Kruger Kinderhuis Reddersburg is 'n kinderhuis wat residensiële versorging en behandeling aan kinders verskaf deur te voorsien in fisiese, maatskaplike, emosionele en psigologiese behoeftes en funksioneer onder toesig van die Gereformeerde Kerke van SA. Meelewende lidmate van Gereformeerde Kerke word genooi om aansoek te doen. NAVRAE: Mnr Izak Fourie. SLUITINGSDATUM: 15 Februarie 2017. DIENSAANVAARDING: 1 Julie 2017. VOORDELE: Ruim behuising op kinderhuisterrein en Gesubsideerde Pensioenskema. OM AANSOEK TE DOEN: Faks 'n volledige CV na 051 553 0083 of e-pos: kantoor1.pkk@gmail.com.

Verblyf vir senior studente, of jong getroudes op Hoewe naby universiteit; 1 km vanaf Veritas/Patria. Doodstil en baie rustig. Ruim een- en twee-kamer huisies te huur. Internet beskikbaar. Vanaf R3000 ongemeubileerd, R3500 met meubels. Water en elektrisiteit ingesluit. Wasmasjien, tru-osmose water en skoonmaakdiens ingesluit. Onderdak parkering. Kontak A Hattingh 083 377 8581 of agh@mweb.co.za.

Huis te huur in Die Heilige Akker. 3 slaapkamers, 2 badkamers, veilig en nuut opgeknap. R10 000,00 per maand. Skakel Salome, 081 049 5899.

Knap, betroubare diens! Skoonmaak van huise, woonstelle, kamers, veral by verhuising. Klein herstelwerk en volledige verfwerk. Geregistreerde maatskappy. Doen navraag by André oor kwaliteit van werk: 073 736 7947. Wendy Barents vir kwotasies: 078 442 0753.

Ruim slaapkamer met badkamer en kitchenette in Oewersig area beskikbaar vanaf einde Januarie. Gratis WiFi. R 3200 pm (Krag uitgesluit) kontak Retha van Wyk 083 967 1511

Welkom hier!

Alle Eerstejaars en nuwelinge- Sterkte vir R&O



Skriba: Mias Smit: 084-510-9193
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Anja Viljoen: 082-053-9246
Kosters: Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: George Lotter: 083-284-7599
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Dirina Cilliers: 082-326-6207
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Hanlie Steyn: 083-654-8652
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Ben de Klerk: 072-183-1083
Venterskroon Diensgroep: Gerrit Pienaar: 079-527-2079
Finansiële kommissie: Lou van Wyk: 084-520-1086
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Ons gemeente se bankbesonderhede

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG

Skakel gerus met Thea by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Kerkkantoor 018-297-4843
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za
www.facebook.com/gkpotchbult/

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com